Lesing 17 van 27.06.17 - Die weg na die innerlike Herberg in 2008/9

## *Eenheid in My Liefde deur Nalize Roets*

25 Junie 2017 - Hoofstuk 3

1) My Werk in volmaaktheid word deur gewillige harte volbring. Harte wat oorloop van vurige ywer vir My Liefde onder mekaar. Hierdie harte spreek tot elkeen wat tam en oormoeg uit die wêreld se storms aanklop om hulp. Die klop van die hulpbehoewende is jou geleentheid tot groei in My. Amein.

2) Jou eenheid met My Liefde sal jou in elke faset van menswees oprig tot Lig en so My suiwere werke tot lewe bring deur jou. Amein.

3) Waar sal jy soek vir vermoëns om aan jou naaste se roep te beantwoord? Sou Ek dié na jou stuur wat jy nie sal kan bystaan nie? Sou jy nie dan nog sterker na My en My Krag verlang om te kan help nie? Sou jy My nie dán vir die nodige brood (manna in die woestyn) vra om dit aan die hulpbehoewende te kan aanbied nie? Ek, die Gewer van alle Hemelse gawes, stuur die hulpbehoewende na jou om jou antwoord op die klop te ondersoek, beminde. Wit is die kleed van Myne, sag is haar woorde en soet die heuning wat sy aanbied tot verkwikking van die behoeftige siel. Amein.

4) My Bruid, wat oprys uit die stof van hierdie aarde tot die glorie van 'n nuwe bestaan deur My, sal al die mure van die Jerigo-vyand laat val deur haar nougesette spore in My opdragte. Dít wat My hart verbly en aan My lewe Krag gee is die getroue hart waaraan Ek heerskappy kan toesê. Daardie hart sal sonder skroom oprig, vernuwe, skep en onderhou. Amein.

5) My Liefling bloeisel, eie aan jou plekkie is jy op My Berg, maar uniek is jy onder My plate Lelies. Jy het 'nplantingsoomblik beleef, jy is kosbaar genoeg om onderhou te word en jy het 'n invloed op die verbyganger. Amein.

6) Waarlik, geseënd is die Een wat kan opgroei tot volwassenheid op My heilige Berg. Elke uur is vir daardie een tot 'n seën en onuitputlik is haar Bron van Lewe en Krag. Amein.

7) Waardig is die saad wat ontkiemingsbodem op My Heilige Berg gevind het. Daardie saad het die toets van gemeensaamheid geslaag. Daardie saad dra nie die eienskappe van ‘n indringerplant nie. Daardie saad is gestoor vir die korrekte ontkiemingsoomblik, sodat My Berg van Apartheid in skoonheid gehul sal wees. Amein.

8) Noodgedwonge is ‘n woord wat nie by Myne behoort nie, want elke gawe ontwikkel uit ‘n vrye wilsbesluit om ‘n oomblik en geleentheid wat Ek aanbied te gryp en te groei daarin. Noodgedwonge sou beteken dat Ek nie gawes gebied het waarmee die probleem of behoefte opgelos sou kon word nie en daarmee is My Alwysheid en Almag met die woord, ‘noodgedwonge’, tot niet gemaak. Geloof in My teenwoordigheid en Wil is daarom My Berg se groeibodem. Amein.

9) Eenheid onder al die spruite op My Berg is sigbaar deur eenderse groeipatrone in hulle op te merk. So herken die een die ander op My Berg. Elkeen teer op dieselfde groeikragte om dit te omskep tot dieselfde waardige Huis vir My Wese om ‘n indruk op die verbyganger te maak. Amein.

10) Ondersoek jou behoefte, My Lelie, en vind dat Ek die verlange in jou hart versadig soveel soos wat jy daarna vra. Ondersoek dan ook of jy tevrede is met jou skoonheid wat maar slegs die produk van jou eie behoefte en roepe na My is. Waardig is die een wat bekoorlik en glansryk pryk op My Berg van Apartheid. Amein.